# Sondag, 9 Januarie 2022

**Skriflesing:** Matteus 4:1 tot 11

**Tema:** Versoekings om hierdie jaar mis te loop.

### Skriflesing

**Mateus 4:1-11**

**Die versoeking in die woestyn**

**(Mark. 1:12-13; Luk. 4:1-13)**

1 Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word.
2 Veertig
dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword.
3 Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet
brood word."
4 Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe:
"'n Mens leef nie net van brood nie
maar van elke woord
wat uit die mond van God kom."
5 Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die
tempel staan
6 en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe:
"Hy sal sy engele oor jou opdrag gee
"en:
"Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie."
7 Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie."
8 Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld
met hulle prag
9 en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."
10 Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe:
"Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."
11 Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

**Johannes 8:47a: 'Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God.'**

### PREEK

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Wie, in hierdie lewe, ken jou die beste?

As gelowiges is die antwoord maklik. Ons sê, “Die Here ken my die beste.” Ja, dis waar, maar as dit kom by jou gedrag en jou denke, aksies ens. wie anders ken jou die beste?

Jy ken jouself die beste!

Volgende vraag – Wat is ‘n versoeking?

Het jy al vir jouself gesê, “*Vandag sal ek nie kwaad raak op die pad nie”* of, “*vandag sal ek nie my vrou of kinders tamteer nie*”, of “*ek sal nie hierdie ding eet wat nie goed is vir my nie*”, of “*ek gaan nie vandag so baie rook nie, so baie negatief dink nie, so baie dit of dat doen nie*”, en dan kom die versoeking en ons gee in.

Ons almal ken daardie dingetjies wat ons uit ons lewe wil weg kry, maar dit sit aan jou soos kougom.

Versoekings is daardie dinge wat jou uitlok om ‘n verkeerde keuse te maak.

Daar is so baie versoekinge en dit verskil van mens tot mens. En elke mens se vermoë om ‘n versoeking te hanteer verskil ook. Sekere mense kan sekere versoeking maklik van die hand wys, terwyl ander, daardie selfde versoeking, moeilik van die hand kan wys.

Nog ‘n ding van versoekings is dat in jou gedagtes het een versoeking meer gewig as ‘n ander. Om ‘n koekie, wat jy nie eintlik by die werk wou eet nie, wel te eet, dra nie so ‘n swaar gewig soos om ‘n skelm verhouding met ‘n medewerker by die werk aan te knoop nie. Dus, die gewig wat jy op ‘n versoeking sit kan ‘n verskil maak aan of jy gaan toegee of nie.

Verder word ons elke dag deur versoekinge gepeper. Daar gaan nie ‘n dag verby waar jy nie moet twee keer dink of jy sal toelaat om sekere dinge te dink, te doen of te sê nie.

Hoe hanteer ons versoekings?

Die kenners gee verskillende hulpmiddels. Hier is so paar van hulle –

**Beoefen self-bewustheid.**

Basies gaan dit daaroor dat jy moet wakker wees. Jy moet in die oomblik bewus wees van hoe jy dink, voel en sal reageer op daardie versoeking wat jou nou in die oë staar.

**Mediteer.**

Meditasie kan dalk by jou ‘n vreemde konnotasie hê, maar meditasie is basies stiltetye. Vir ons as gelowiges is dit daardie tye waar jy kan stil word en nadink oor hoe jy, as kind van God, hierdie dag gaan aanpak of hoe jy, as kind van God, hierdie dag aangepak het en wat het jy van jouself geleer en hoe kan jy more beter wees.

**Ontwikkel gesonde gewoontes.**

As jy ‘n humeurige mens geword het, ontwikkel die gewoonte van diep asem te haal en ontspan al jou spiere voor jy reageer of as jy ‘n mense geword het wat spandabelrig is, ontwikkel die gewoonte om jou kaart in die rondte te draai terwyl jy daarna kyk en vir jouself vra, het ek dit nodig of wil ek dit maar net hê.

**Uitbou**

Vir ons boodskap vandag gaan ons na Jesus toe. Jesus is aan die begin van sy bediening en ons staan aan die begin van ‘n nuwe jaar.

Ons gedeelte het uit Matteus gekom, maar u is welkom om hierdie gedeelte ook te gaan lees in Markus 1:12-13 of Lukas 4:1-13.

Wat gebeur hier?

Jesus word deur die satan uitgelok. Die satan vra vir Jesus om Homself te mislei. Satan vra vir Jesus om God te misbruik en die satan vra vir Jesus God te mishandel, m.a.w. om God te minag deur Hom nie te aanbid nie.

Hierdie jaar sal jy baie versoekinge kry. Jesus het dit ook gehad en Hy het dit oorkom en ek en jy kan hulle ook oorkom.

**Mislei**

Die eerste ding wat die satan probeer is om Jesus te kry om Homself te mislei. Ons het gelees -

[3]*Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.”*

Daar so baie dinge wat ek en jy kan doen, kan sê, kan dink, maar dit beteken nie ons moet dit doen, sê of dink nie. Ons moet kan oordeel wanneer is dit die regte tyd daarvoor.

Net so het ons behoeftes en begeertes wat normaal is, maar dan moet ons op die regte tyd en manier daarin voorsien en dit op die regte tyd en manier bevredig.
Jesus kon die klippe in brood verander, maar omdat Hy dit kon doen, beteken dit nie dat Hy vir die satan moet luister om dit te doen nie.
Ek en jy kan mense ver skree, ons kan mense vloek, ons kan ongeduldig raak, ons kan kwaad met kwaad vergeld, maar dit beteken nie dat ons moet sonde doen nie.

Hierdie jaar sal jy versoek word om jouself te mislei. Vra die Heilige Gees om jou te help om hierdie versoekings mis te loop.

**Misbruik**

Die satan is baie keer soos ‘n lastige vlieg, eintlik ‘n brommer. Hy is aanhoudend en hy probeer weer en kom na Jesus toe en versoek vir Jesus om God te misbruik. Ons het gelees in vers 6 -
*“As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe:*
*“Hy sal sy engele oor jou opdrag gee*
*“en:*
*“Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.”*
Jesus maak die punt dat as mens vir God vertrou, dan hoef jy Hom nie te beproef om vas te stel of dit waar is nie.
God verwag van ons, dat ons Hom sal vertrou, in Hom sal glo, en sal sorg dat ons ons kant bring. Wanneer ons ons kant bring, dan kan ons vertrou dat God altyd Sy kant bring. Jy hoef nie vir God te beproef nie.
Jesus moedig ons basies aan om altyd, ook hierdie jaar, op God te vertrou. Die uitdaging is miskien dat ons moet seker maak dat ons alles in ons vermoë doen om ons kant te bring. God sal sorg vir die res.

**Mishandel**

Baie dinge kom soms ‘n drieë. Hier sien ons die satan wat so laaste keer probeer ons Jesus te versoek. Hy versoek Jesus om te mishandel. Met mishandel bedoel ek, hy probeer Jesus kry om teenoor God te mis-handel. Om hom, wat satan is, te aanbid i.p.v. om God te aanbid.
Ons sien die duiwel probeer vir Jesus iets gee wat klaar aan Jesus behoort - *“Dit alles (dis nou al die koninkryke van die wêreld) sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.”*

Ons word baie keer so mislei om aardse dinge so as belangrik te sien, dat ons God se wil, vir ons lewens, prysgee. Ons maak van dinge afgode. Mense het soms nie tyd vir God, kerk of medemens nie, want hulle word versoek met dinge wat eintlik nie so belangrik is nie. Maar Jesus sê vir satan - *"Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."*
Jesus leer ons hier om versigtig te wees dat ons lewens ons versoek om te mis-handel, m.a.w. om afgode te maak van dinge wat nie vir ons kan lief wees soos God vir ons lief is nie.

Geliefdes, hierdie jaar gaan 'n goeie jaar wees, want ons beweeg in die lewe saam met God. Hierdie jaar sal, soos die satan probeer het, jou versoek. Dalk sal jy glip, maar God bly genadig en sal vergewe. Ek en jy moet wel bewus bly van die versoekings wat elke dag op ons pad gaan verskyn en gereed bly om die versoeking te erken en hard en duidelik dit aan te spreek, soos Jesus, met – Gaan weg, Satan – en dan handel en lewe volgens die wil van die Here.

**Slot**
Wat gaan die goed wees wat jou aandag gaan hou hierdie jaar? Wat sal die goed wees wat jou tyd, jou vermoëns, jou gawes, jou talente gaan opgebruik?
Kom ek sê dit anders –
Mag ons bewus wees, hierdie jaar en altyd, dat die doel is om die Here te dien en dat al die dinge van die aarde die middele is om dit mee te doen. Mag ons pasop vir die versoeking dat die dinge van die aarde die doel word en ons blind raak vir die liefde van God.
Mag ons die versoekings van -
Misleiding, misbruik en mishandel, misloop hierdie jaar en nes Jesus vir die satan sê – Gaan weg, Satan – sodat ons doelgerig vir God in hierdie jaar sal aanbid en dien.
**Amen**